SEKS EN DIE HUWELIK

April 2001

Julian Müller

Een van my eerste take nadat ek predikant in Johannesburg geword het in 1971, was om 'n "doopgesprek" te hou met 'n jong egpaar. Ek was jonk en onervare en my ouer kollega wat my touwys gemaak het, het aan my verduidelik dat ek so met die opskryf van die gegewens in die doopregister, oplettend moet wees na die datums. Indien die datum van die huwelik en die datum van die geboorte van die kind, wat nie direk na mekaar gevra word nie, nie minstens nege maande uitmekaar is nie, was daar natuurlik heel moontlik voorhuwelikse seks en dan kan die doop nie sonder meer bedien word nie. Dan moet daar eers 'n tugproses afgehandel word, deurdat die betrokkens 'n brief aan die kerkraad moet skryf waarin hulle erken dat hulle gesondig het en berou daaroor het.

In my onervarenheid kon ek nie die jongman daarvan oortuig kry dat hy gesondig het nie. Ten-einde-raad het ek my ouer kollega in die kantoor langsaan gaan roep. Hy het ingekom, die datums bekyk en met die nodige gesag die jongmense in die oë gekyk en verklaar: "Julle het die sewende gebod oortree!". Daarmee was die gesprek beëindig en die volgende dag het die jong paartjie maar ewe gedweë die briefie gebring en hulle kindjie is eventueel gedoop.

Sederdien het 30 jaar verloop. Dertig jaar waarin daar nogal 'n verandering gekom het in die algemene kulturele klimaat in ons land. Polities is ons deur die smeltkroes en godsdienstig waarskynlik nog meer. Ek doop steeds kinders, maar ek steur my nie daaraan om die datums op die doopregister te bestudeer nie. Ek aanvaar die bona fides van twee jongmense wat getroud is en kom en tekenne gee dat hulle hul kindjie wil laat doop en so laat deel word van die Christelike geloofsgemeenskap.

Waarom? Omdat ek probeer om al hoe minder wetties en al hoe meer genadig met seksuele moraliteit om te gaan.

Met 'n wettiese benadering moet mens met 'n fyn kam die datums op die doopregister bekyk. Met 'n wettiese benadering moet mens met regiede reëls werk. Met 'n wettiese benadering kan jy nie anders nie as om lyne te trek tot op die dag en datum en uur van die huweliksluiting. En dan is seks hierdie kant van die lyn sonde en ander kant die lyn is dit 'n pragtige gawe van God!

Die benadering wat ek graag wil volg lê die klem nie op die reëls nie, maar op die waardes. Wat hierdie saak betref, sou die norm of die reël wees: Geen seks voor die huweliksluiting nie. Die waarde sou wees: 'n Seksuele verhouding is bedoel vir 'n *vaste* en *langdurige verhouding* waarin twee mense se *liefde vir mekaar* in *intimiteit* na vore kom en waarin hulle *verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar.*

'n Waarde-georiënteerde benadering kan nooit met regiede reëls werk nie. Daar volgens word die klem op individuele vryheid en verantwoordelikheid gelê. Dit is die benadering wat Jesus ook gevolg het. Daarteenoor lei 'n wettiese benadering tot reël op reël en daarom tot veroordeling. Dit was die benadering van die Fariseërs en die Skrifgeleerdes.

Met die bybelse waarde wat hierbo geformuleer is, sal mens nooit die huwelik as instelling kan verkleineer of selfs afskaf nie. So 'n waarde sal jou altyd dwing om die huweliksluiting ernstig te neem. Maar dit sal jou weerhou daarvan om met reëls ander mense se lewens te probeer reguleer en sodoende individuele vryheid en verantwoordelikheid weg te neem.